Project for Street Children
Projek vir Straatkinders

JAARVERSLAG 2005/2006

ANNUAL REPORT



ELKANA CHILDCARE

Baie dankie aan alle Donateurs



Die Direksie, Personeel en die Kinders van Elkana wil hul waardering en opregte dank teenoor alle persone, besighede en organisasies uitspreek wat Elkana gedurende die jaar ondersteun en bygestaan het.

Sonder julle ondersteuning sou ons nie 'n verandering in so baie jong lewens te weeg kon bring nie.

ELKANA CHILDCARE
(Association Incorporated under Article 21) (Reg. No. 2003/006176/08)
P/a ACVV, PO Box 153 Malmesbury 7299
Tel/Fax (022) 486 5389
E-mail: jpinck@wcaccess.co.za

BANK DETAIL

Bank: Nedbank Malmesbury: Bank Code: 128-505; Swift Code: NEDSZAJJ
Cheque Account: 128 505 0434; Money Market Account: 128 505 0442
PBO No: 930 010 652

Voorsittersverslag

Die rolprent "The Cider House Rules" speel af in St. Cloud, 'n hospitaal en kinderhuis. Wilbur Larch, die dokter wat daar in beheer staan, het baie deernis met die klomp kinders. Hy besef dat een van hulle grootste probleme is dat hulle geen identiteit het nie. Elke aand skakel hy dus die kinders se slaapkamerlig af met die woorde: "Good night, you princess of Maine, you kings of New England". Die kinders het nie 'n idee wat hy met hierdie vreemde woorde bedoel nie, maar mettertyd het sy seën 'n effek op hulle. Dit gee aan hulle identiteit en 'n gevoel van belangrikheid. Hulle is nie weggooikinders nie, maar "princess of Maine" en "kings of New England".

By St. Cloud het dit natuurlik gereeld gebeur dat van die kinders weggegaan het. Hulle is aangeneem of het groot geword en die kinderhuis verlaat. Wanneer 'n kind nie meer daar was nie, het die personeel van die kinderhuis 'n slaaptydgesegde gehad wat min of meer só gelui het: "Let us be happy for Homer Wells. Homer has found a family". Homer het 'n tuiste gevind. Want dit was die behoefte van elke kind in St. Cloud – om deel van 'n gesin te wees.



Hierdie verhaaltjie is dalk 'n goeie samevatting van wat ons by Elkana Childcare wil doen – om aan kinders 'n positiewe gevoel van identiteit te gee sodat hulle die toekoms anders kan visioneer – as mense wat vermoens en talente het wat eendag 'n positiewe bydrae in die samelewing kan maak. Hulle is inderdaad nie weggooikinders wat 'n bedreiging of irritasie vir die samelewing hoef te wees nie. Daar is soveel meer wat hulle kan wees en word.

'n Tweede lyn is beslis dat ons met Elkana Childcare en sy werk vir kinders 'n tuiste en 'n plek van veiligheid en versorging wil skep. Aanvanklik was die eindpunt van ons beleid die Elkana Childcare sentrum self. Kinders moes hier by die sentrum inwoon en van hier inskakel by die formele onderwys-sisteem. Onder die invloed van veral die staat se beleidsrigting het ons besef die eindpunt moenie die sentrum wees nie, maar inderdaad die gemeenskap. Volgens ons nuwe beleidsrigting wil ons van Elkana 'n deurgangsentrum maak waar straatkinders gerehabiliteer word om uiteindelik in die gemeenskap – in hul ouerhuis of in pleegsorg – teruggeplaas te word. Ons konsentreer dus nie nou net op die rehabilitasie van die individuele straatkind nie, maar ook op die rehabilitasie van sy gesinsisteem. Juis om hierdie doel te bereik het ons reeds twee Jeugwerkers aangestel.



Ons sluit met ons huidige beleidsrigting aan by die ou gedagte van "it takes a village to raise a child". Elkana Childcare is van begin tot einde 'n gemeenskapsorganisasie en hierdie siening ondersteun ons huidige beleidsrigting om kinders op die ou end terug te plaas in die gemeenskap. Ons het veral die gemeenskap en plaaslike owerheid se hulp dringend nodig om werkbare planne in werking te stel om kinders wat klaar maak met die formele onderwys-sisteem "skills training" of opleiding vir 'n ambag te gee. Anders beland hierdie ouer kinders net weer terug op straat en verval gewoonlik in misdaad.

Ons hoop dat ons in die toekoms ook die stigma of "labelling" (negatiewe etikettering) van die straatkinders deur dele van ons gemeenskap sal kan verbeter. Ons het u hulp en ondersteuning as publiek en plaaslike owerheid nodig om hierdie projek lewensvatbaar te hou. Omgee begin nie by my organisasie (ons skuil so maklik daaragter) of by ander mense nie. Dit begin by jou en my persoonlik. Die kinders van Elkana Childcare het jou unieke insette nodig.

- Ds Jan Steyn
(Voorsitter)

Die Kinders van Elkana

PROGRAMME

Die hoofdoel met die loodsing van programme is om die straatkinders te onderrig asook om hulle fisiese en emosionele vaardighede te ontwikkel. Op die oomblik word daar van materiaal gebruik gemaak wat deur **National Association of Childcare Workers** (NACCW) verskaf word. Die programme fokus daarop om die kinders te leer om 'n verskil in hulle eie lewens te weeg te bring. Hulle word geleer om by hulleself te begin en dit op sigself sal 'n rimpel effek hê op die familie en die ander mense rondom hulle. Huidiglik is daar 11 permanente kinders en 20 *drop-ins* wat die sentrum op 'n gereelde basis besoek. Van hierdie kinders woon 30 gereeld programme by.

INFORMELE OPVOEDING

Buiten formele onderrig word programme aangebied soos onder andere hier genoem:

Een van die programme wat aangebied word is *die vreedsame soldaat*. In die program leer die kind om aggressie te hanteer en op 'n positiewe manier te kanaliseer. Die kinders sowel as die aanbieders geniet die programme, soms wonder mens wie geniet dit die meeste. Een van die ander rolspelers wat gehelp het met die aanbied van programme is Love Life.

Daar word gereeld ook vakansieprogramme aangebied. 'n Groep jong manne en dames van Illinge Lethu het tydens die 2005 Junie vakansie die kinders geleer om *gum-boot-dance*, *kwaito* en *spiritual dances* te doen. Die kinders het dit baie geniet en kon die gaste wat Elkana besoek, vermaak met hul nuut aangeleerde vaardighede.

Op 16 Junie 2005 het die kinders die Weskus Fossielpark besoek. Die kinders het die voorreg gehad om fossiele uit te grawe. Die kinders het die geleentheid gekry om 'n baba luislang vas te hou en afgeneem te word.

Die Christelike Polisieforum van Malmesbury, onder leiding van konstabel Fredericks, het gereël dat die kinders elke vakansie op 'n uitstappie kon gaan. Soos om byvoorbeeld krieket te gaan kyk op Nuweland, 'n skoonmaakveldtog in Saldanhabaai, asook rekreasie programme op Goedgedacht en die vigs-dag veldtog deur die strate. Die kinders het ook 'n kamp te Kwasizabantu Sendingstasie bygewoon. Daar was later ook 'n naweekkamp by **TLC** (Tender Loving Church). Al die uitstappies en die kampe is deur die kinders wat dit bygewoon het baie geniet.

Elkana spog ook met sy eie groente tuin. Frans Samson neem verantwoordelikheid vir die Groente tuin projek en maak gereeld gebruik van die kinders om hom hiermee te help. Hier leer hulle enige iets van saai, bemesting en hoe om stiggies te maak. Dit word ook in die vooruitsig gestel om meer bome by die sentrum aan te plant. Elke inwonende kind gaan dan die verantwoordelikheid gegee word om na 'n boom om te sien.





Tydens Desember 2005 het die kinders, soos talle kinders, dit geniet om 'n bietjie later te gaan slaap en later op te staan. Die kinders en ander vrywilligers het gaste met kersliedere vermaak tydens die jaarlikse *Kersliedere by kerslig*.

Hugenote Kollege studente het ook programme tydens die vakansie aangebied. Daar was gemiddeld vyftig kinders per dag wat die programme bygewoon het. Die kinders is die geleentheid gebied om hulle kreatiwiteit uit te leef deur die maak van kerskaartjies. Ons hoop om in die toekoms weer van die studente se hulp gebruik te maak.

Die kinders kon ook deur die bydrae van Swartland Hospitaal kersvreugde ervaar. Kersvader het op 'n brandweerwa kom geskenke uitdeel. Die kinders is ook weereens herinner aan die ware boodskap van kersfees.

Gedurende Januarie 2006 het 31 kinders (permanente sowel as *drop-ins*) 'n kamp in Houtbaai bygewoon. Die kinders het die geleentheid geniet en 'n groot getal van die *drop-ins* besoek Elkana steeds op 'n gereelde basis. Ons erken dat daar nog baie skaafwerk aan sommige van ons kinders nodig is, maar met die nodige geduld en liefde beoog ons om dit met die hulp van Bo reg te kry.



Ons stel onsself dit ten doel om in die toekoms meer kinders by ons deurlopende programme betrokke te kry.

Opvoeding vorm 'n integrale deel van ons werk by Elkana Childcare. Alle programme wat aangebied word is opvoedkundig. Kinders wat van hul huise wegloop het geen of min skolastiese opvoeding, maar by Elkana word hulle drie maal per week lees-, skryf- en taalvaardighede aangeleer. Van die kinders kan glad nie lees of skryf nie. Me Tertia O'Kennedy, een van die vrywilligers, het gehelp om hierdie vaardighede by die kinders, twee maal per week te ontwikkel.

Me Mary Otto moes met 'n vyftienjarige seun graad R werk doen. Die kinders met leer probleme is na Me Marieta Owies verwys. Een van die kinders is as disleksies geïdentifiseer. Hy het baie fluks geleer en kon selfs later 'n brief hardop voorlees.

FORMELE ONDERRIG



Al 11 kinders wat tans by Elkana Childcare gehuisves word ontvang formele onderrig. Die kinders woon onderskeidelik St Thomas en Liebenberg Primêr by en ander is by Schoonspruit Sekondêr. Die kinders vorder goed op skolastiese gebied en neem ook deel aan sportaktiwiteite. Daar is sertifikate verwerf en Elkana wil graag met hulle prestasies spog.

DROP-INS

Die *drop-ins* is kinders wat nie by Elkana inwoon nie. Hulle kom slegs op 'n daaglikse basis om gevoed en opgevoed te word. By Elkana Childcare is daar ontbyt, versnaperinge, middagete, storte en skoon klere beskikbaar vir hierdie kinders. Ons poog om hierdie kinders te motiveer om nie op straat te woon nie, maar by Elkana. Dit doen ons deur die aanbied van programme wat die kinders help om die regte keuses in hulle lewens te maak. Aktiwiteite en programme sluit in oa:



- Dwelm-bewusmaking
- Seksuele en MIV/VIGS – opvoeding
- Kinderregte en verantwoordelikhede
- Lewensvaardigheids-programme
- Kuns en kultuur aktiwiteite
- Sport en rekreasie

Die grootste probleem waarmee ons te kampe het, is dat ons wetlik nie hierdie kinders kan dwing om na Elkana toe te kom of te kom inwoon nie. Hulle besluit self waar hulle wil wees. Elkana het ook te doen met die *day strollers*. Dit is kinders wat deur die dag op straat is en dan saans terugkeer na hulle huise of families. Dit is gewoonlik ook die *day strollers* wat die publiek lastig val *(moet asseblief nie aan hulle geld en kos verskaf nie)*. Geen kind wens vir armoede nie. Geen kind kies om beroof te word van lewensgehalte nie. Geen kind verdien om op die straat te bly nie.

Kinders verdien beter!

By Elkana maak ons deure oop, ondersteun ons aspirasies en werk ons daaraan om 'n beter toekoms te bou. Ons poog om elke kind wat Elkana verlaat toe te rus met die hoop en geleenthede wat van hom 'n verantwoordelike landsburger sal maak. Elkana sal net instaat wees om hierdie moeilike taak uit te voer, met die fisiese en geestelike ondersteuning van die hele gemeenskap van Malmesbury. Die "probleem" van straatkinders gaan nie verdwyn, alvorens die gemeenskap eienaarskap vir die "probleem" aanvaar nie.



Van die kinders vertel self ...

Ek is baie gelukkig by Elkana. Ons kry ons kos op tyd en dit is lekker voorberei. Elkana is vir my beter as my eie pa se huis, want ek ontvang baie liefde. Ek is 'n drop-in, maar ek sê dankie vir al Elkana se mense vir wat ek hier kan leer. Ek kan lekker hier bad. Viva Elkana Viva!!

Macirvin Wilson – 16 jaar oud



Dit is baie lekker by Elkana, want ek het baie vriende. Ek is bly dat ek hier bly, want die dinge wat ek gedoen het was verkeerd en ek doen dit nie meer nie, want Elkana se mense help my. Ek hou baie van Ant Mary en Oom Rodney en al die ander wat elke dag so mooi na my kyk en my help en leer.

Ariël Adams – 14 jaar oud

Elkana is vir my en my 2 boeties 'n veilige tuiste. Ons kry so baie ... kos, klere, asook al ons skoolbenodigdhede is op tyd. Ons leer ook van die Here en dit is baie belangrik. Alle dank aan Elkana vir wat julle vir ons doen, ons waardeer dit.



Burton Peters – 14 jaar oud

Toekomstige Beplanning

Beleidsaanpassing

Die twee bene waarop Elkana tot dusver gefunksioneer het, was enersyds om ontwrigte kinders van die straat af te kry en fisies te versorg in 'n veilige omgewing en andersyds om opvoedkundige- en rehabilitasie programme te ontwikkel, wat daarop gemik is om die kinders terug te kry by skole en die omgewing waar hulle woon. 'n Derde en baie belangrike been wat nou na vore tree, is om kinders te herenig met hulle biologiese ouers of pleegouers. Dit is 'n aanpassing om aan die staat se beleid te voldoen en sover ons weet, is nuwe wetgewing in die pyplyn om juis hierdie proses te bespoedig. Dit beteken onder andere dat daar ook 'n program vir die rehabilitasie van ouers en ondersteuning van pleegouers in plek moet kom wat ook Staatsondersteuning sal kry.

Ten einde hierdie program van die hereniging tussen straatkinders en hul ouers suksesvol te kan fasiliteer, word Elkana se personeelkorps uitgebrei met die aanstelling van twee opgeleide jeugwerkers. Verder word beoog om nog twee jeugwerkers aan te stel om die kinders na skool te begelei in die lewens-oriënteringsprogramme wat sal fokus op alkoholmisbruik, seksualiteit en na-skoolloopbaan ontwikkeling. Dit beteken dus dat die fokus is om kinders terug te plaas in die gemeenskap en om die gemeenskap betrokke te kry in die lewens van die kinders. Dit sluit alles aan by die gedagte van "community based care" en die bekende uitdrukking wat sê "it takes a village to raise a child". Elkana sal in die toekoms ook beskou kan word as 'n deurgangsentrum vir kinders oppad om terug geplaas te word in die gemeenskap.



Administratiewe Venoot

Elkana Childcare word hoofsaaklik bedryf deur onbetaalde vrywillige persone wat die lot van die straatkinders op die hart dra. Direksielede is ook vrywillige persone wat al die verantwoordelikhede dra wat daarmee gepaard gaan onder wetgewing. Met die uitbreiding van personeel en vennootskappe met ander welsynsorganisasies, het Elkana besluit om gebruik te maak van die ACVV se dienste en infrastruktuur om personeel- en ander toepaslike administrasie te behartig.

Gevolglik is 'n ooreenkoms tussen die ACVV en Elkana aangegaan waardeur administratiewe- en personeelbestuursfunksies deur die ACVV vir Elkana gedoen word teen vergoeding. So byvoorbeeld word alle Elkana-personeel deur die ACVV aangestel en dan gesekondeer na Elkana. Hierdie personeel resorteer ook onder die ACVV se personeelreëls. Verder stel die ACVV hulle Maatskaplike werkers tot gedeelde diens aan Elkana beskikbaar teen vergoeding. Ons is oortuig dat hierdie benadering beide vir die ACVV en Elkana tot voordeel strek met betekenisvolle besparings aan beide organisasies deur die proses van sinergisme.

Organisatoriese Struktuur

Huidige struktuur

Elkana Childcare is 'n baie jong rolspeler in die veld van kindersorg. Tydens die aanvangsjare was die finansies beperk en het ons slegs 'n klein kern van personeel en 'n breë komponent van vrywillige direkteure gehad.

Direkteure en hul portefeulje

Ds Jan Steyn	Voorsitter/Supervisie personeel en kinders	082 872 4314
Ds Friedrich Claassen	Ondervoorsitter/Lewensvaardighede	084 627 1427
Dr Bertus Olivier	Strategiese beplanning en kommunikasie	083 256 8171
Col Joop Pinckaers	Strategiese beplanning, kommunikasie en uitbreiding	072 471 2059
Me Annake Bester	Supervisie personeel en kinders	083 452 2679
Me Marieta Owies	Vrywilligers	
Mnr Martin Bocks	Opvoeding	082 969 4924

Ampshalwe

Me Anita Muller	Tesourier	072 200 8653

Toekomstige Struktuur

Reeds vroeg in 2005 het Elkana tot die gevolgtrekking gekom dat die oorhoofse struktuur gewysig moet word om die administratiewe aangeleenthede uit te kontrakteer sodat Elkana meer vaartbelyn kan raak ten einde beter te funksioneer. Gevolglik is besluit om 'n Toesighoudende Raad (Supervisory Board) op die been te bring wat die hele gemeenskap van Malmesbury verteenwoordig. Verder, vanuit hierdie Raad sal 'n Uitvoerende Raad aangestel word met 'n maksimum van 5 lede (met spsifieke portefeuljes), wat ongeveer 8 uur per week beskikbaar sal wees vir Elkana. Daar sal ook 'n nuwe bestuurspos geskep word vir 'n sentrumbestuurder om die operasionele take van die direkteure oor tyd te verminder.

- Funksies van Toesighoudende Raad

  Die Raad sal elke drie maande vergader en hoofsaaklik die beleidsrigting formuleer en aanspreek deur strategiese planne wat volhoubaar deur die begroting gediens kan word. Namate die personeel toegerus en meer profesioneel word, sal die vergaderingsiklus van 2 weekliks na 3 weekliks en later na 6 weekliks aangepas word. Voor die jaarvergadering van 2007 moet hierdie struktuur volledig geïmplementeer wees.

  Die voorsitter van die Raad sal deur die Algemene Vergadering gekies word en ook die Voorsitter van die Uitvoerende Raad wees.

- Funksies van die Uitvoerende Raad

  Die Raad sal elk 2 weke vergader en alle operasionele sake hanteer en verslag doen aan die Toesighoudende Raad deur middel van notules en moniteringsverslae.

- Administratiewe- en Personeelaangeleenthede

  Hierdie funksie word uitgekontrakteer aan die ACVV (sien asb. punt 3.2).

- Advieskomitee vir Uitvoerende Raad

  Om vrywillige kundigheid vir Elkana vanuit die gemeenskap te akkommodeer, is besluit dat hierdie persone inspraak kan hê by die Uitvoerende Raad en gevolglik toegelaat sal word om Direksievergaderings by te woon. Die sakelys sal in hoofsaak bepaal met watter intervalle hulle die vergaderings sal bywoon.

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie organisatoriese aanpassings deur die Algemene Jaarvergadering op 22 Mei 2006 goedgekeur sal word.

Uitbreiding van Elkana-fasiliteite



Die huidige sentrum bied skuiling aan 14 "permanente" straatkinders en akkommodeer normaalweg 'n verdere 16 "drop-ins" vir kos en klere, maar nie slaapplek nie. Laasgenoemde getal wissel baie afhangende van die klimaatstoestande en migrasie van plaaswerkers en was al soveel as 35-40. Die ouderdomsgroep wat hulle deurgaans verteenwoordig, is 12 tot 18 jaar. Verder dui getuienis daarop dat hierdie kinderes ook migreer tussen dorpe soos Moorreesburg, Riebeeck en Darling. Hierdie dorpe het reeds vir Elkana versoek om die fasiliteite beskikbaar te stel en/of om behulpsaam te wees met hulle eie uitdagings wat straatkinders betref.

Huidige fasiliteite by Elkana het beperkings deurdat nie meer as 16 kinders kan inslaap nie en dat daar slegs een slaapsaal is wat alle ouderdomsgroepe (6-18 jaar) moet akkommodeer en wat baie ongewens is om die volgende redes:

- Van die ouer kinders het reeds eksperimenteer met dwelms en het kontakte met "pimps" vir wie hulle per geleentheid moet "optree" as teenprestasie vir hierdie dwelms.

- Seksuele molestering vind plaas deur die ouer kinders teenoor die jonges wat weer die hele Vigs-probleem kontra-produktief aanspreek.

- Indien meer kinders toegelaat word van buurdorpe, moet die nuwe diensplanne in plek wees om te kwalifiseer vir groter ondersteuning van die Staat. Elkana is van mening dat die paar probleme wat hierbo uitgewys is en ook die nuwe lewensoriënteringsprogram wat in die vooruitsig gestel word, slegs aangespreek kan word deur die fasiliteit meer doelmatig te vergroot. Sodoende kan ruimte ook geskep word vir vaardigheidsopleiding en ander funksies soos hieronder gelys.



- Die algemene gevoel is dat daar ook ruimte moet wees om jong dogters in die programme van Elkana te akkomodeer.

Die uitbreidingsplanne wat opgetrek is en reeds vir goedkeuring aan die Munisipaliteit voorgelê is, behels die volgende:

1.	Twee addisionele slaapsale met wasgeriewe en toilette:	78	vierkante meter
2.	Twee ontspanning- / studeervertrekke	44	" "
3.	Kliniek met badkamer / toilette	33	" "
4.	Vertrek vir kuns en handwerk	28	" "
5.	Vertrek met toilette vir naskoolse aktiwiteite	62	" "
	TOTAAL	245	" "

Die verwagting is dat die uitbreiding nagenoeg R 612 500 (BTW uitgesluit) sal bedra en finansiering sal verkry moet word van plaaslike en oorsese donateurs. Op hierdie stadium het ons 'n €30 000 Euro (± R 225 000) donasie van de Bakker-Arts Stigting uit Nederland om die bouprojek te ondersteun. Met hierdie geld in die Elkana Childcare Stigting in Nederland tot ons beskikking, die belofte van die Bakker-Arts Stigting en met die voorneme van die Swartland Munisipaliteit om ons in hierdie projek te ondersteun sal ons moontlik hierdie jaar kan begin bou.

Opsommend

Elkana is van mening dat die aanpassings wat die afgelope jaar gemaak is en dit wat in die vooruitsig gestel word, die uitdagings van die ontwrigte (straat) kinders van Malmesbury en omgewing met behulp van die plaaslike gemeenskap en oorsese vriende, tydig sal kan aanspreek.



Skakeling met Owerheid en Vennote

Gedurende 2005 het deurlopende samesprekings met die **Departement Maatskaplike Ontwikkeling en Armoedeverligting** van die Provinsie plaasgevind.

Dit het onder andere daartoe gelei dat Elkana Childcare se dienste ook uitgebrei kon word na 'n Departementele geregistreerde skuiling en naskoolsentrum (Julie 2005). Verder het Elkana ook sterker begin fokus daarop om in lyn te kom met Departementele beleid om ontwrigte kinders (straatkinders) te begelei en beinvloed om weer te herenig met hulle ouers en families, sodat hulle in die breë gemeenskap en omgewing kan ontwikkel en opgevoed word.

Hierdie klemverskuiwing het besondere uitdagings in terme van professionele kundige jeugwerkers wat aangestel moes word, wat nie slegs met die kinders nie, maar ook met die ouers en families kan saamwerk (meer hieroor elders in die verslag).

Ten einde hierdie program te befonds, is voorleggings aan die Staat en die **Nelson Mandela Children Fund (NMCF)** in Suid-Afrika en sy tak in Nederland gemaak. Die organisasies het gunstig gereageer en gevolglik kon Elkana begin om die nodige personeelaanstellings te maak.

Aansluitend by hierdie nuwe koers, is kontak gemaak en besoeke afgelê by **James House** in Houtbaai, wat reeds ver gevorder het met soortgelyke programme. Hulle het reeds bewys dat die programme volhoubaar bestuur kan word oor tyd en wel met goeie resultate. Die uitdaging vir Elkana, is om James House as model (bench mark) te gebruik met die nodige aanpassings.

Gedurende die jaar is deurlopende oriëntasie-besoeke by **Homestead** in Kaapstad se opleidingsentrum afgelê om te help met die nodige beplanning, om soortgelyke programme wat ons in die vooruitsig stel, in werking te stel, sodra die nuwe fasiliteite by Elkana opgerig is.

Elkana Childcare het die afgelope jaar lid geword van die **National Association of Childcare Workers** (NACCW) en ook die Nasionale Konferensie in Kaapstad bygewoon met goeie gevolg (meer hieroor elders in die verslag).

Vriende van Elkana het hierdie jaar voortgegaan met fondswerwing in Nederland onder die nuutgestigde **Elkana Stichting** in Nederland. Hierdie organisasie is 'n liefdadigheidsorganisasie kragtens Nederlandse wetgewing en sal funksioneer as 'n vennootorganisasie vir Elkana Childcare (sien verder in verslag bylae 4A).

Verder was daar gedurende die jaar weereens aansoek gedoen by die **NLDTF (National Lottery Distribution Trust Fund)** vir finansiële ondersteuning in 2006. Hoewel ons onsuksesvol was die vorige jaar, vertrou ons hierdie keer vir meer sukses.

Op plaaslike vlak was daar deurlopende skakeling met **Swartland Munisipaliteit** wat ook Direksieverteenwoordiging het. Die munisipaliteit het baie waardering vir die werk wat Elkana doen en ons het goeie rede om te glo dat die ondersteuning wat ons kry betekenisvol uitgebrei sal word om die nuwe fasiliteite op te rig.

Verder geniet Elkana goeie samewerking met die plaaslike besighede, wynkelders, liefdadigheidsorganisasies, kerke en individue. Daar vind ook meermale positiewe beriggewing in plaaslike koerante plaas.

Ten slotte is die gevolgtrekking waartoe ons kom dat die mense en besighede in Malmesbury graag met Elkana Childcare assosieer en bereid is om te ondersteun.



Bylaag 4A

Elkana Childcare Foundation in the Netherlands

As reported in chapter 4 of this Annual Report Elkana Childcare Foundation in the Netherlands was founded in June 2005 with its seat in Maastricht.

The aim of this foundation is:

a. to assist and support in the pre-conditions to enable day care, support and looking after children, like aids-orphans, street children and derailed children in the Swartland Municipal area in the Western-Cape in South-Africa;

b. to perform all necessary activities to have the lives of these children improved and have the circumstances for these children uplifted in the full sense of the word.

The foundation was established at no cost where notary Henri Knops kindly donated his hours and work for the sake of Elkana Children.

The Foundation has been registered with the "Kamer van Koophandel" (Chamber of Commerce) in Maastricht, as legally required. The foundation has also received exemption for tax from the Dutch Revenue Service.

The Board of Foundation

Mr Karl Knops	Building Contractor	Chairperson
Ir André Dealmans	Property Development and Investment	Vise-Chairperson
Mr Henk Maassen	Property Development and Investment	Treasurer
Drs Rene van der Linden	Member Senate and Chairperson Council of Europe	Member
Mrs Ineke Majoor		Member

The foundation has appointed Mr Paul Wehrens (chartered account) to audit the books annually. Mr Paul Wehrens will gladly donate his hours and work for the sake of Elkana Children.

The funds raised in this financial year (deposited in the Foundation's account) as the funds raised in the financial year 2006/2007 are/will be earmarked for the extension project of Elkana Childcare Centre and for the equipment and furnishing of the new centre.

The board of Directors of Elkana Childcare in Swartland is very proud and grateful having such a wonderful partner on board. We wish to express our huge appreciation for all the contributors to and Board members of our sister organisation in the Netherlands.

Personeel

Die sukses van enige organisasie word nie alleen bepaal deur die direksie wat so 'n organisasie moet bestuur nie, maar veral deur die personeel wat betrokke is by die dag tot dag werksaamhede van die betrokke organisasie. By Elkana Childcare is dit nie anders nie. Daarom is daar gedurende die jaar opnuut gekyk na die samestelling en struktuur van die personeel. In vergelyking met die vorige verslagjaar moes ons aanpassings in die samestelling van personeel doen. Om ons met hierdie proses te help, is daar besluit om vanaf 1 April 2006 alle personeel aangeleenthede na die ACVV uit te kontrakteer. In effek beteken dit dat die ACVV verantwoordelik is vir die bestuur van die personeel.

Dit het daartoe bygedra dat ons die dienste van 'n Maatskaplike werker inkoop. Me Annetjie Rainsford en Hedren Gantana, maatskaplike werkers by die ACVV, is vir hierdie doel elk 5 ure per week by die werksaamhede van Elkana Childcare betrokke. Hulle is verantwoordelik vir die supervisie van huidige en nuut aangestelde personeel, asook die koördineering en aanbieding van lewensvaardighede.

Vir ons is dit van groot belang dat elke personeellid moet inpas in wat ons met Elkana Childcare ten doel stel, en dat daar ook na die personeel se belange omgesien word. Personeel word dus die geleentheid gebied om hulself verder te skool, in die betrokke veld waarin hulle werk. Die **National Association of Childcare Workers** (NACCW), waarvan ons lid is, staan ons in hierdie opsig by.

Huidig is die volgende personeel betrokke by die werksaamhede van Elkana Childcare:



Morris Moses : Sentrum Bestuurder

Morris is 'n boorling van Malmesbury en in 2006 as Sentrum Bestuurder aangestel. Hy is verantwoordelik vir die algemene bestuur van die Sentrum. Hy het 'n passie om met kinders te werk en kyk na die kinders asof dit sy eie is. Hy is getroud met Rosline en hulle het 4 kinders. Hy is 'n gesinsman en daarom is die rehabilitasie van die kinders vir hom 'n baie hoë prioriteit. Dit is dan ook sy droom dat Elkana Childcare 'n Sentrum sal wees wat met almal se samewerking, so sal uitbrei dat baie kinders in die toekoms teruggeplaas sal word in hulle ouerhuis.

Mary Otto : Straatwerker



Mary bly al 45 jaar in Malmesbury. Haar passie vir kinders begin in haar eie huis. Sy is met Robert getroud en hulle het 3 seuns en 3 dogters uit die huwelik. Sy is die personeellid wat die lankste by Elkana Childcare betrokke is. Sy was alreeds voor die stigting van Elkana Childcare betrokke by uitreike na die straatkinds. Sy het 'n brandende liefde vir die kinders wat hul op straat bevind en wil graag 'n verskil maak in elke kind se lewe wat haar pad ook mag kruis. Dis ook om die rede dat sy verantwoordelik is vir die straatwerk. Sy is die persoon wat kinders gaan soek en motiveer om na die Sentrum toe te kom. Maar dit eindig nie daar nie, sy staan hulle ook by wat betref hulle skoolwerk en om hulle selfbeeld te verbeter. Indien hulle ondersteuning en bemoediging benodig is Mary altyd bereid om hulle op 'n Christelike manier te begelei.

Die lewe is vir Mary een lang leerskool en hierdie lewensfilosofie maak haar werk by Elkana Childcare vir haar 'n vreugde. Om haar te bekwaam vir hierdie belangrik werk wat sy verrig het sy die afgelope jaar verskeie kursusse bygewoon. Haar droom is dat Elkana Childcare sal groei en soos 'n oase in 'n dorre woestyn sal wees en weerlose kinders te huisves, te vertroetel en die geborgenheid te verskaf wat in meeste gevalle ontbreek.



Chandré van den Heever : Jeugwerker

Chandré is as Jeugwerker in 2006 nuut aangestel. As Jeugwerker is sy verantwoordelik vir die uitwerk en aanbieding van verskeie programme vir die kinders. Verhoudingsbou met die kinders is 'n baie hoë prioriteit, aangesien die kinders se vertroue gewen moet word. Chandré kom oorspronklik van Niekerkshoop en het in 'n standvastige huis groot geword. Haar Pa het Teologie gestudeer en haar Ma is 'n tuisteskepper. Chandré se droom is dat Elkana Childcare elke kind emosioneel en geestelik sterker sal maak. Chandré sal betrokke wees by die nuwe programme wat by Elkana aangebied gaan word.

Ontmoet ons Huisouers

Ons huisouers is sekerlik die persone wat die meeste tyd saam met die kinders spandeer. Hulle werk in skofte en is verantwoordelik vir die algemene netheid van die Sentrum en die kinders, asook die voorbereiding van kos.

Anna Ruiters



Anna is alreeds die afgelope twee jaar huisouer by Elkana Childcare. Sy het 'n besondere liefde vir die kinders. Sy kom oorspronklik van die Paarl af en het self ook 2 seuns en 'n dogter. Sy het 'n besondere liefde vir kook en daarvan kan die kinders by Elkana Childcare getuig. Maar sy staan nie net heeldag agter die stoof nie. As daar spanspeletjies gespeel word laat Anna nie op haar wag nie. Sy sien haar betrokkenheid by Elkana Childcare deur en deur as verhoring van gebed. Godsdiensonderrig is daarom vir haar hoog op die prioriteitslys en sy vergesel ook die kinders op 'n gereelde basis Kerk toe. Dit verskaf aan haar baie vreugde om te sien dat die kinders goeie vordering toon, veral wat hulle skoolwerk betref. Haar droom is dat Elkana Childcare van krag tot krag sal gaan.

Susan Karolus



Susan is alreeds vir 'n jaar betrokke by die werksaamhede van Elkana Childcare. Sy is in die Paarl gebore en is 'n enkel ouer van drie kinders. Sy hou daarvan om buiten haar verantwoordelikhede tyd saam met die kinders deur te bring. Dit is veral vir haar 'n hoogtepunt om met die kinders te speel en veral om hulle te help met hulle huiswerk. Haar droom vir Elkana Childcare is dat die kinders hier sal leer om vir mekaar en die personeel om te gee, sodat die personeel en kinders mekaar beter sal verstaan en te alle tye sal help.



Helen Faro

Helen is nou alreeds 7 maande by die werksaamhede van Elkana Childcare betrokke. Sy het in Abbotsdale groot geword en is met André getroud. Hulle het 2 seuns vir wie sy baie lief is. Sy het 'n passie om met die kinders te werk en hou baie daarvan om kos te maak. Sy het ook 'n gewillige oor om na kinders wat probleme het te luister en help hulle graag om by 'n oplossing uit te kom. Sy sal graag wil sien dat Elkana Childcare die kinders sal help om iewers in die lewe te kom.

Opsommend



Die direksie glo dat, wat ons personeel betref, daar tans in die regte rigting beweeg word. Dis ons mikpunt om gedurende die jaar ten minste 4 jeugwerkers aan te stel en ook die vakante pos vir onderrig te vul. Twee van die 4 jeugwerkposte is alreeds gevul deur onder andere Chandré van den Heever en Rodney Louw (diensaanvaarding 1 April 2006). Ons wil ook ons personeel as 'n hegte eenheid laat funksioneer en mik daarna om gereelde spanbou sessies te hou.

Ons personeel is oor die algemeen gemotiveerd om met die kinders te werk. Tog is daar sekere aspekte wat hulle werk bemoeilik. Die kinders is verseker nie engeltjies nie en dit bemoeilik baie keer hulle werk. Daar is ook van ons personeel wat geweldig baie opoffer vir Elkana Childcare. Maar hulle liefde vir die kinders en die saak maak die opoffering die moeite werd. As Direksie bedank ons elke personeellid vir ure se werk wat hulle in Elkana Childcare insit. Wat ons nie uit die oog moet verloor nie, is dat ons personeel en veral ons huisouers self ook hul eie gesinne het waarna hulle moet omsien. Dit vra geweldig baie van hulle en daarom wil ons hulle in besonder bedank vir dit wat hulle vir Elkana Childcare doen.

Financial Report 2005

This has been a very interesting and exciting year for Elkana. In this financial year Elkana Childcare received major financial support from the Provincial Government of the Western Cape and from the Nelson Mandela Children's Fund through the Dutch Branch of the Fund; together with the donations of all other organisations and private persons we were able to meet expectations and to fulfill the goals we committed ourselves to.

By the end of 2005 we met with representatives of the Nelson Mandela Children's Fund who assessed our needs as set out in our request for funding. The NMCF has committed themselves to stay with Elkana Childcare for another period of three years and has allocated funds as a part of the requested budget into Elkana Childcare's account for the period 1 January 2006 till the end of 2006.
Thanks to this wonderful financial support we were able and will be able to contract the necessary staff members for all the programs we have decided to.

As reported in our last Annual Report we raised funds for transport. With the monies received and with additional sponsorships we have managed to buy a Kombi for all Elkana Childcare's transport needs.

Major subjects for funding in this financial year:

a. Food and clothing for the children: **Provincial Government Western Cape**
b. Rehabillitation and education program for the children and skills training for staff and children: **Nelson Mandela Children's Fund**
c. Extension existing Elkana Childcare Centre: Many requests for funding have been sent to overseas foundations and to the Swartland Municipality. A Charity Opera and Supper Event has been planned for 1 April 2006.

We received donations and support from many organisations, companies and private people as listed below and we have divided the expenses into the following categories:

FOOD

- Provincial Government WP
- Barry's Grill
- Homestead C.T.
- Kekkel en Kraai
- Methodist Church
- Moodiens Superette
- T.L.C. Organisation
- Mr. Wilson for fresh bread
- N.G. Swartland
- Pioneer Foods
- Sasko
- T.L.C. Organisation
- N.G. Swartland-Noord
- Vicky Victor
- Wilma van Zyl en Carina Krüger

EDUCATION / REHABILITATION / SKILLS TRAINING and school uniforms, school fees, medical expenses, etc.

- Nelson Mandela Children's Fund
- Nelson Mandela Children's Fund, Dutch Branch

EXTENSION ELKANA CHILDCARE CENTRE

- Flying Doctor's Gala (NL) (through Ineke v.d. Poort en Pali Sebok)
- Maltezer Ridder Orde of Maastricht (NL)
- Daelmans Beleggingen (NL)
- Mercurius Beleggingen (NL)

(All these funds are deposited in the bank account of Elkana Childcare Foundation in the Netherlands)

EQUIPMENT

- Rotarians - TV / Computer / Home Theatre system
- Mrs M Olivier - computer
- Anton Nyboer and Ineke Majoor (NL)
- Leon Reinhard Stichting (NL) for equipment and refurnishing of extension Centre

(Funds of the last two are deposited in the bank account of Elkana Childcare Foundation in the Netherlands)

CLOTHING AND BEDDING

- Sundstroom Family
- Mr and Mrs. Pinckaers and Ineke v.d. Poort
- International Women's Club in Cape Town through Wilma Bruynsteen
- Many more people who are coming to our centre to donate in what ever way.

ADMINISTRATION AND AUDIT (FINANCIAL)

A full Financial Report over the financial year 2005/2006 has been done under separate cover. We are most grateful to Chris de Jager and Partners for their support and especially to Christiaan Scheepers of the same company for his willingness to always be on hand to assist with the accounting.

Finally the Board of Directors, Staff members and children wish to express their gratitude and huge appreciation to all people, companies and organisations who have assisted and supported Elkana Childcare during this financial year. Without their support we never would have been able to achieve what we wanted to achieve towards the upliftment of the young live of so many disadvantaged children around.













